



Tweede uitgawe 2013

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Otto Koekemoer
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Beste bonsai lid

Nog 'n somer het aan sy einde gekom en ons sien in die natuur die pragtige herfskleure van die bome om ons.

Vir baie lede is herfs die gunsteling tyd van die jaar, wanneer die meeste van die harde werk gedoen is. Dit is 'n tyd van bietjie ontspan. Daar kan terug gesit word en daar is tyd om die mooi van ons bome hierdie tyd van die jaar te geniet. Sommige lede het bome wat pragtige herfskleure tentoonstel.

Herfs is 'n goeie tyd van die jaar om bome by kwekerye te soek. Aangesien die intensiteit van die herfs kleure van blare gedeeltelik afhanklik is van die genetiese samestelling van die individuele boom, is dit raadsaam om die boom te sien met sy herfskleure voordat hy aangeskaf word. Indien jy 'n boom sien met uitsonderlike mooi herfskleure is dit die beste om 'n steggie te gebruik, of "air

layering", om vir jou 'n plant te groei. Dan is jy seker jy het die presiese genetiese materiaal as die moeder plant.

Ons innige simpatie en gebede gaan uit na Johan van Tonder met die afsterwe van sy vrou. Ons dink aan jou Johan!

Bonsai groete
Jaco

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@arecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Algemene jaarvergadering	3
Terugvoering	6
Vreemd versus gewoon	7
Indigenous tree	10
Meeting 2 March	11
Vergadering 6 April	13
Lede profiel	14
Bonsai kalender	15
Snippets	16



You don't have to be good to start. You have to start to be good.

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

Ek is n ou lid van die Pretoria Kai . Ek is tans besig om te verhuis. Ek het baie bome, bakke en gereedskap wat ek will verkoop. Kan dit dalk aan die lede van die Kai geadverteer word sodat hulle my kan kontak?

Meestal wilde vye, olien, wit olien , witstinkhout en doring bome. Hulle is van 'n jaar tot en met 15+ so 200 honderd bome, baie stock. Prys weet ek nie? onderhandelbaar.

Ons verhuis oor so 6 maande maar ek gaan vooruit om te verken en die pad oop te kap.

My nommer is
012 333 3510

Lekker dag en weereens baie dankie.

Groete Markus Vosloo.

The Koeda Editor

Can I still feed my bonsai in autumn?

Regards

Answer:

A fertilizer low in Nitrogen is very useful when applied to bonsai from late-Summer through to dormancy. The relatively high Phosphorous and Potassium content helps to strengthen the years growth and the root system before the cold of Winter. It also increases bud production for the following year. Top growth that would otherwise succumb to the first frosts in Autumn is slowed. Ultimately a fertilizer that is rated as 0:10:10 and contains no nitrogen is preferred but can be hard to obtain and is relatively expensive. ♣



Pta Kai Lede,

Ek wil net baie dankie sê vir al die ondersteuning en gebede tydens Monica se siekte en ook met haar afsterwe, dit word opreg waardeer.

Baie dankie vir die pragtige plant wat ek van julle ontvang het.

Groete

Johan van Tonder



Algemene jaarvergadering 2013–Voorsitter verslag

Die Kai het weereens 'n baie goeie jaar beleef. Die saal was met elke vergadering vol. As dit so aangaan sal ons miskien moet begin kyk na groter geriewe. Baie dankie aan julle dat julle so entoesiasies is en die vergaderings gereeld bywoon.

Baie dankie aan die lede wat die BRAT vergaderings bywoon. Ons het gereeld die meeste lede by die byeenkomste. Dit wys net hoe sterk die belangstelling in die Kai is om meer te leer. Hoe meer byeenkomste 'n mens bywoon, hoe vinniger leer 'n mens al die tegnieke en geheimpies wat die ander mense het. Daar is altyd iets te leer, so woon asseblief die byeenkomste by.

Ons het weer 'n baie suksesvolle skou aangebied die jaar wat verby is. Soos in die verlede het ons uitstaande bome op die skou gehad. Ons kan sien dat ons lede se bome jaarliks verbeter. Ek wil die lede wat nog nie bome op die skou gehad het nie aanmoedig om tog van hulle bome na die volgende skou te bring. So kan jy jou bome met die ander bome vergelyk en sien waar jy jou bome kan verbeter indien moontlik.



Weereens het ons 'n oorsese besoeker by die Kai gehad. Roy Nagatoshi het vir ons 'n werkwinkel aangebied. Dit is jammer dat so min lede van die geleentheid gebruik maak het.

Baie dankie aan die lede wat demonstrasies en praatjies by die Kai aangebied het. Die lede wat gehelp het met die opstel van die saal, die wegpak na alles verby is. Die lede wat help met die werkwinkel voor die vergadering begin en die wat dit by hul huise aanbied. Sonder julle insette sal dit nie so goed gaan met die Kai nie.

Die kommittee vir hulle harde werk deur die jaar. Die tyd wat hulle insit om die kai vlot te laat funksioneer. Baie dankie.

En ten laaste wil ek net baie dankie sê vir die goeie gees in die kai. Dit is wat ons Kai so besonder maak. Baie dankie.

Org Exley



*Wind playing rough
a tornado of leaves
sweeps across the yard
mind cleared by the wind
winter ahead calmly waiting.*

Pretoria Bonsai Kai bestuur vir 2013

Gedurende die algemene jaarvergadering, gehou op 2 Maart 2013, is die bestuur vir 2013 gekies. Baie dankie aan die lede wat bereid is om te dien. Onder is die bestuurslede.



Org Exley: Voorsitter



Francois van As: Onder voorsitter



Daan du Toit
Tesourier



Christa Vermaak
Skakel beampte



Mariaan Erwee
Sekretaresse



Erika Tredoux
Bibliotekaresse

Addisionele lede:



Martin Kruger



Johan Els



Otto Koekemoer



Jaco Kriek

Bonsai NUT!

Elke jaar, by die algemene jaar vergadering, word daar 'n Bonsai Nut vir die jaar wat verloop het aangewys. Die 'trofee' gaan aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die kommittee besluit om die 'trofee' aan **Duvan Horn** te gee. Duvan is 'n jong man wat sy belangstelling in bonsai met groot toewyding en entoesiasme uitoefen. Duvan mis nooit 'n vergadering nie. Hy is ook altyd by om op te ruim en skoon te maak na die tyd. Duvan neem deel en doen diens by die uitstallings van die Kai. Hy het ook al 'n paar keer aan die 'new talent' kompetisie deelgeneem. Hy woon ook meeste van die BRAT vergaderings by. As daar nou iemand is wat die afgelope jaar werklik 'n Bonsai Nut was is dit Duvan. Baie geluk Duvan, en voorspoed met jou bonsai in die toekoms!



“Tip of the month” van Maart - deur Daan du Toit

Daan vertel dat hy daarvan hou, en daaraan glo, om nou en dan fosfaat vir sy bonsai te gee. Hy hou ook daarvan om beenmeel te gebruik as sy bron van fosfaat. Die beste manier om beenmeel te gee is om dit in jou grondmengsel te meng voor jy oorplant. Jy kan dit nie net bo-oor strooi na die tyd nie.

Daan wil egter nou en dan vir bome wat hy nie oorplant nie ook beenmeel gee. Hy het toe met die plan voorendag gekom, en dit is sy 'tip', om die beenmeel met water op te los, so goed dit kan, en dan met 'n groot inspuiting, wat 'n baie dik naald het, in die grond in te spuit. Hy spuit maar oral rond in die grond dat al die wortels fosfaat kry. Daan sê dit voel asof hy sy bome met 'n mediese prosedure behandel. Die deeltjies van die beenmeel wat nie oplos nie gooi hy wel oor van sy plante.



Slim plan Daan!

Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkel bome.

Op Woensdag 4 April 2012 het ons die voorreg gehad dat Roy Nagatoshi ons as kai by die Safari kwekery gewys het hoe hy van ons lede se bome styl. Hannes Retief het 'n Wildepeer geneem. Roy het gesê dat hy 'n baie mooi vir die toekoms sien maar dat dit toe drastiese stappe vereis het. Daar was 'n lang reguit stuk stam met geen 'taper', waarvan Roy nie gehou het nie. Roy het dus die boom net bo die laagste takke af-gesny.

Die twee foto's onder is in Koeda uitgawe twee 2012 gewys. Dit is van die boom voor en nadat Roy aan hom gewerk het. Die heel onderste foto is hoe die boom tans lyk, dus presies 'n jaar later. Hannes het die boom net gelos om sterk te groei sodat die dun tak wat gelos is dikker kan groei en meer in proporsie kan raak met die mooi stam. Hierdie is 'n goeie voorbeeld dat mooi bonsai **tyd** neem. Die tak moet steeds ontwikkel sodat die stam en die tak 'n beter eenheid vorm.



Bo: Hannes se Wildepeer in April 2012 voor Roy Nagatoshi aan hom gwerk het.

Bo regs: Hannes by sy boom nadat Roy hom gesnoei het.

Regs: Hoe die boom tans lyk, 'n jaar later.



VREEMD VERSUS GEWOON deur Dr Pieter Loubser.

Die herfs is met ons. En daarna kom die winter en ons kan die stam en takraamwerke van die bladwisselende bome mooi sien.

Sogenaamde foute ook! Nou nie dat Jan en alleman regtig daardeur gepla gaan word nie. Maar vir 'n ruk al, wonder ek oor die korrekte Afrikaans vir Jan Alleman. Sien, ek is 'n gewone ou (Jan) wat Afrikaans betref, maar jare gelede het ek 'n Afrikaans-onderwyser gehad wat hierdie mooi taal in jou siel ingefoeter het as dit dan nie anders kon nie. En daarom vra ek soms as ek nie verstaan nie. My HAT sê onder "Jan" dat dit "Jan Alleman" is, maar onder "Alleman" dat dit "Jan en alleman" is. Is beide korrek? Waarskynlik.

Wat het hierdie relaas met bonsai te doen? Is daar "korrekte" bonsai? Wat is reg, of korrek, aangaande hierdie boom (*Lagerstroemia indica*) van Yoji Yoshumura. Behalwe dat dit treffend mooi is?



Die *Acer buergerianum* (Esdoring) hieronder behoort aan Ted C Guyger en is veel meer getrou aan die stilingreëls. Is dit meer treffend? Meer korrek? Of word beide aanvaar? 'n Gesegde lui: "*Indien jy nie perfek is nie, beteken dit nie dat jy 'n mislukking is nie. Perfeksie is vervelig*". En dieselfde bron sê dat "*slegs dooie visse saam met die stroom gaan*"!



Vervolg op bl 8

VREEMD VERSUS GEWOON – deur Dr Pieter Loubser.

Ek glo dat streng Japanse fundis sal sukkel met die pragtige Moerassipres van oorlede Vaughn Banting hieronder gewys, of gaan dit sorteer onder “Literati-bonsai”?



En nou is die besprekingspunt oop vir allerlei opinies en moontlikhede.

Watter een van die bome hierbo is natuurlik? Watter een mensgemaak? Gemanipuleer! Is daar plek vir beide benaderings in bonsai? Wat verkies jy? Mag jy die wat van die ”ander soort” hou veroordeel?



Hierbo is Harry Hirao se verstommende jenerwerboom in die Noord-Amerikaanse uitstalling. ‘n Naamlose gesegde lui: *”Moet my nie haat omdat ek anders is nie, bewonder my omdat ek uniek is”*. En ‘n ander: *”Dit kos niks om die by die groep aan te sluit nie, maar dit kos alles om alleen te staan”*.

Vervolg op bl 9

VREEMD VERSUS GEWOON – deur Dr Pieter Loubser.



Sarah Palermo sê dat “om sonderling te wees is een van die beste komplimente wat jy ooit aan iemand kan gee. Indien geen persoon in die wêreld sonderling was nie sou alles normaal wees en dis vervelig. Wees anders. Staan uit. Wees ‘n seer vinger wat ‘n paar keer gehammer is deur ‘n swaar hamer. Wees die enkel voël wat vlieg in die presiesteenooorgestelde rigting van ander mense en jy het nie idee dat dit winter is nie”.

Wat wys die natuur ons? Vergelyk die boom en die skepping van Robert Stevens tydens sy besoek aan Namibië, in ‘n bak, hieronder.



Het ek genoeg gewys om die punt te maak dat bonsai van die vreemdste skeppings tot by die wonderlikste natuurtonele kan vertoon. Geniet hierdie pragtige kunsvorm!

Tot ‘n volgende keer.

Pieter Loubser

Indigenous Southern African trees suitable for bonsai – Erythrina

Of the seven species of Erythrina (Coral tree) in SA three are commonly used as bonsai, namely Erythrina caffra, Erythrina lysistemon and Erythrina humeana. In nature they are renowned for their spectacular flowers that appear before the new leaves. In bonsai, however, flowering is unusual as long stalks are normally pruned off. For bonsai the focus is on the heavy fleshy trunk.



Due to the thick fleshy trunks semi deep to deep containers is suitable.

Once the desired shape has been achieved, a low nitrogen fertilizer should be used to prevent excessive growth. Liquid cow manure, 2:3:2, seaweed and occasional applications of diluted blood will satisfy the

tree's requirements.

Propagation can be by seed or cuttings. Big trunks can take easily in a sand mixture.

The roots are fleshy and carrot like. The heavy roots are prone to root rot if kept too wet. A well draining growing mixture is therefore required.

The trunk may become proportionally large, giving trees a baobab appearance. The wood is soft and therefore cannot be ginned. The grey bark tends to split with time.

Branches have a hollow core and can be attacked by bore larvae. They are thorny with no formal branch arrangement and there is no noticeable twigging.

Leaves are normally a dark shiny colour. The first two to three leaves are small with the leaves that follow considerably larger. Leaves have to be nipped frequently in order to retain only the smaller leaves. Leaf stalks represent the twigging and a reasonably dense canopy can be achieved.

Most suitable styles for Erythrina are single trunk, informal upright as well as leaning.

Erythrina must be kept outdoors in sun. If subject to shade the tree tends to develop soft lanky growth and large leaves. The must be protected from frost in winter.

A standard well draining growing medium is suitable.

Heavy pruning should be carried out during the dormant season, but care must be taken to ensure that cuts are sealed to prevent rotting or insect infestation. Trim or nip off young shoots whenever they occur, especially during spring.

Wiring is not often used. Styling usually takes place through pruning. ♣



Above:

This beautiful Erythrina lysistemon belongs to **Tony Bent** of the Cape Bonsai Kai. Training started in 1997. The picture was taken when the tree was displayed at the Cape Bonsai Kai show of 2012.

Meeting of 2 March 2013

After all the formalities and the AGM, Erika Köhler talked about the *Heteropyxis Natalensis*, or commonly known as the Lavender tree, or Laventelboom in Afrikaans. Erika said that when she received the program for this year and saw that she had to give a talk on the Lavender tree, she panicked. Firstly because the only Lavender tree she ever had died due to termites eating it and therefore had no tree to demonstrate on, and secondly because she did not know all that much about Lavender trees. Erika then started researching about the tree. She visited numerous nurseries to look for suitable material but was unsuccessful. She eventually found a fairly large tree at the Walter Sisulu Botanical garden. There are also numerous Lavender trees in the botanical garden of which Erika showed some photos.



Above is a Lavender tree in its natural form in the Walter Sisulu botanical garden.

The Lavender tree is fairly widespread. It grows from the coast of Natal up to the high veld. It is a hardy tree on the high veld but obviously not as lush as on the coast. It has a rounded type of crown and often grows together in groups. The natural shape is like an upside down triangle.

The bark becomes rough when old. Old bark peels off in flakes, exposing whitish blotches. It resembles the exotic Birch tree. Leaves are dark green and grows in a spiral around the stems.

Below is the tree that Erika bought from the Walter Sisulu Botanical garden.



As can be seen the trunk was very straight. In order to achieve some movement in the trunk, Erika removed the thinner of the two branches and cut off the main trunk just above the split. Erika placed cut paste on the cuts.



Continue on pg 12

Meeting of 2 March 2013

The tree was taken out of the plastic bag. All soil was washed off the roots. The larger roots were removed and all fine feeder roots were retained. The tree was planted into a plastic growing pot. Erika used a soil mix of 50% grid and 50% seedling compost. A handful of bone meal and a handful of superphosphate was also mixed in.



Erika said that she inspected the tree daily to look for growth. She was very nervous that it would not take. After the first growth appeared it just took off. Erika then fed it every with anything she had available. The tree was standing in full sun and due to the many leaves the soil dried out very fast. It needed regular watering.

New growth also grows from the stem. Erika rubbed it off with her fingers. New leaves and stems have a nice coppery color.

The pictures on the right are of the tree before, during and after the demonstration. The branches were still to soft to really wire, therefore Erika just cut them back. The wounds on the stem are already callousing over.

Erika plans to have a tree in the future that very much looks like a Lavender tree in nature. ♣



Vergadering van 6 April 2013.

“Tip of the month” - deur Ferdie Smith

Verslag deur Esther van Aarde: Ferdie het 'n paar handige wenke gegee oor stamverdikking (trunk thickening). Hoekom wil ons die stam laat verdik? 1. Dit laat die boom ouere lyk. 2. Dit skep 'n indruk van stabiliteit. Asof die boom al jare lank blootgestel is aan die lemente van die natuur. 3. Indien nodig korrigeer dit omgekeerde 'taper'. 'n Algemene reël is dat die hoogte van die boom so ses maal die stam deursnee moet wees.

Hoe doen mens stamverdikking? Jy kan die boom plant en versorg vir so twintig jaar! As jy egter nie tyd daarvoor het nie kan jy (1) die boom in die tuin plant, behandel en versorg soos 'n bonsai nl snoei, wortels sny ens. (2) Jy kan die stam korter maak en sodoende nader aan die 6 tot 1 verhouding kom (3) Jy kan 'sacrifice' takke (opgeofferde takke) laat groei: dit is wanneer 'n tak of takke toegelaat word om lank te groei en sodoende veroorsaak dat die stam onder hom/hulle verdik. Wanneer die stam die korrekte dikte het, moet die "opgeofferde" tak/takke verwyder word. (4) 'n Draad toerniket word om die stam gedraai. Ferdie wys daarop dat die probleem met die metode littekens kan laat. (5) Insnyding: maak 'n vertikale snit waar die stam moet verdik. (6) Kneus die bas aan die stam deur met 'n hammer te slaan of jy kan ook klein gaatjies deur die kambium in die stam maak.



Die verslag van Prof Gareth Bath se praatjie oor “Tree on Rock” sal by in 'n volgende uitgawe geplaas word.



Lede profiel - Dr Otto Koekemoer

Otto is 'n bekende by die kai. Hy het al by verskeie vergaderings opgetree deur die 'tip of the month' te doen asook demonstrasies. Otto is ook een van ons bestuurslede en natuurlik die man wat ons kai se web-tuiste in stand hou.

Otto werk die afgelope 15 jaar as navorser in virologie by Onderstepoort. Hy het sy PhD in biogemie gedoen. Otto en sy vrou Rentia is al 16 jaar getroud en het twee kinders, Otto jnr (7) en Anne-Mieke (2).

Otto vertel dat sy broer in Potchefstroom 'n Akkerboom saad opgetel het en by sy ouers in Prieska geplant het. Die Akkerboompie het opgekom en gegroei en Otto se pa het toe hulle Jeffrys baai toe getrek het die boompie uitgehaal om saam te neem. Die klein boompie in die pot het vir Otto soos 'n bonsai gelyk en dit het sy belangstelling geprikkel. Otto het begin navorsing doen en van die Pretoria Bonsai Kai gehoor. Hy het kontak gemaak met Charles Ceronio en sy eerste vergadering in 1999 bygewoon. Hy sê dat daar op daardie dag oor 'n hele paar onderwerpe gepraat is en dat hy dit geweldig geniet het. Hy is sedertdien lid van die kai.

Otto het toe sy eerste boom aangeskaf by 'n bonsai stalletjie langs die pad. Dit was 'n Kei appel. Die boom het egter gevrek. Otto vertel dat hy baie hou van plante en tuinmaak en daarom bonsai ook geniet. Wanneer familie of vriende by hulle huis kuier sit hy 'n boompie of twee onder 'n kollig in die huis wat 'n baie lekker atmosfeer skep. Hy het tans 'n klein versameling van so 10 bonsai en nog so 10 wat in ontwikkelings fase is.

Otto het 'n gunsteling boom, 'n Olien wat oor 'n rots groei. Dit is die uitsondering om Olien op rotse te groei.

Otto werk die graagste met Wilde vye omdat hulle vining resultate gee. Hy hou ook baie van Akasia omdat hulle bome van ons omgewing is en hom aan die bosveld herinner.

Alhoewel hy nog nie die styl bemeester het nie hou hy die meeste van die klassieke Japannese formele styl.

As raad aan beginners sê Otto: "Kyk gereeld na jou bome, en

maak seker dat hulle genoeg water kry. Dit is hartseer om 'n boom waaraan jy al 'n paar jaar werk te verloor net omdat hy droog geword het. Indien jy nie tyd het om elke dag by jou bome te wees nie, installeer 'n outomatiese besproeiing sisteem."

Otto se ander stokperdtjies is om model vliegtuie te vlieg en hy kyk ook graag sterre met 'n ordentlike teleskoop.

Otto se inspirasie in bonsai is Charles Ceronio. Hy sê Charles het die gawe om kuns en tegniek te kombineer. Otto laat nog somtyds bome vrek en voel dan 'horrible'. Hy streef daarna om die vermoë te ontwikkel om na rou materiaal te kyk en te weet hoe die boom ver in die toekoms kan lyk.

Otto geniet dit baie by die kai en waardeur dat die ervare lede so gereeld vergaderings bywoon om ander te leer en by te staan. ♣



Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei en Junie?

Winter is in aantog en bladwisselende bome begin nou hul blare afskud. Groei aktiwiteite neem af en daar is nou nie veel om te doen nie. Watertoediening word nou heelwat beperk maar dit is egter belangrik dat die groeimedium klam moet bly.

Junie beteken die winter is hier. Maak betyds voorsiening om die boompies teen koue te beskerm. Watertoediening moet nou liefers nie laat-middag of aand geskied nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd, gedurende die dag, vir oortollige water om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Bladwisselende bome moet heelwat minder water kry as gedurende die groeiseisoen. Wag dus totdat die oppervlak begin uitdroog voordat water gegee word.

As jy nie weet wat om met jou tyd te doen nie kan jy maar solank jou gereedskap begin skoonmaak vir die groot snoei wat voorlê.



Ku Kan Yubi

(The beauty is in the empty spaces)

“A thing of beauty is a joy forever”

John Keats

Snippets

Our Environment.

Unless your local landfill site (dump site) has a gas-to-energy plant (of which there are very few in South Africa), you should not put your grass cuttings from your lawn, or other organic matter such as tree trimmings, into your garbage bags. These grass cuttings etc create methane gas when buried with garbage. Since methane is 23 times worse than CO₂ as a greenhouse gas you have contributed to climate change. **THE BEST WAY TO PREVENT METHANE EMISSIONS FROM LANDFILLS ARE TO NOT PUT ORGANICS IN.** Rather compost your organics, which could be used in your garden.



Inspiration from nature

The pictures below was taken by **Steven Dreyer** from Bredasdorp. It is of a Fig tree that started to grow high up in a Palm tree. The seed of the fig was most probably deposited by a bird. The roots of the fig tree grows all around the palm tree and eventually reaches the ground when it will really grow strong. The fig will strangle the palm until the palm eventually dies.

The picture on the left shows where the fig started to grow. On the right can be seen that the fig is already growing more branches. It would be interesting to see how many years it takes before the roots of the fig totally covers the palm tree.

